



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V2

## FEBRUARIE/MAART 2012

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 12 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER vrae wat op die voorgeskrewe inhoud, soos vervat in die riglyndokument, gebaseer is:

   VRAAG 1: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989?
   - Op die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika

   VRAAG 2: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE INEENSTORTING VAN DIE USSR IN 1989 OP AFRIKA?
   - Gevallestudie: Egipte

   VRAAG 3: HOE HET SUID-AFRIKA AS 'N DEMOKRASIE UIT DIE KRISISSE VAN DIE 1990's NA VORE GETREE?

   VRAAG 4: HANTERING VAN DIE VERLEDE EN KYK NA DIE TOEKOMS: DIE WERK VAN DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE

2. Elke vraag tel 75 punte, waarvan 45 punte vir die brongebaseerde vraag en 30 punte vir die uitgebreideskryfwerk-vraag toegeken word.

3. Kandidate moet enige TWEE vrae beantwoord.

4. In die beantwoording van vrae behoort kandidate hulle kennis, vaardighede en insig toe te pas.

5. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

6. Vrae moet beantwoord word deur na die ADDENDUM te verwys.

7. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

**VRAAG 1: HOE HET DIE VAL VAN KOMMUNISME IN DIE SOWJETUNIE VERANDERING IN SUID-AFRIKA NA 1989 BEÏNVLOED?**

Bestudeer Bron 1A, 1B and 1C en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Waarom het Gorbachev met die beleid van perestroika begin? (1 x 2) (2)

1.1.2 Op watter wyses het perestroika tot die beëindiging van kommunisme bygedra? (2 x 2) (4)

1.1.3 Waarom was Boris Yeltsin teen hierdie hervormingsmaatreëls gekant? (1 x 3) (3)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Omskryf die volgende konsepte in jou eie woorde:

(a) Perestroika (1 x 2) (2)

(b) Glasnost (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik hoe die skrywer van hierdie bron die volgende leiers uitbeeld:

(a) Gorbachev (1 x 2) (2)

(b) De Klerk (1 x 2) (2)

1.2.3 Wat, volgens die bron, het De Klerk beïnvloed om Mandela vry te laat? (1 x 2) (2)

1.2.4 Verduidelik op watter maniere Gorbachev se beleide De Klerk beïnvloed het. (2 x 2) (4)

1.2.5 Hoe, dink jy, sou regsgesinde Afrikaners op Nelson Mandela se vrylating uit die tronk gereageer het? (1 x 2) (2)

1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Volgens hierdie bron is 'die ANC op die verkeerde voet gevang'. Verduidelik of dit 'n akkurate assessering van gebeure is. (2 x 2) (4)

1.3.2 Volgens W de Klerk het die ANC 'in plaas daarvan om deel van die stryd te wees' verander tot 'deel van die stelsel'. Verduidelik wat W de Klerk se bedoeling met hierdie stelling was. (2 x 2) (4)

1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik watter EEN van die bronne die bruikbaarste is vir 'n historikus wat oor die impak van die ineenstorting van kommunisme op Suid-Afrika skryf. (2 x 2) (4)

1.5 Gebruik AL die inligting in die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die betekenisvolheid van De Klerk se hervormingsbeleid in Suid-Afrika te verduidelik. (8)

1.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 1.6.1 OF VRAAG 1.6.2.

1.6.1 Verduidelik hoe die ineenstorting van kommunisme in die Sowjetunie De Klerk gehelp het om hervormings in Suid-Afrika bekend te stel. (30)

**OF**

1.6.2 Nie Gorbachev of De Klerk was rewolusionêres nie; beide is egter deur omstandighede beïnvloed om in hulle onderskeie lande veranderinge te weeg te bring.

Gebruik AL die bronne en jou eie kennis om die stelling hierbo krities te bespreek. (30)

**[75]**

**VRAAG 2: HOE HET DIE BEËINDIGING VAN DIE KOUE OORLOG TOT DIE HERVOORSTELLING VAN EGIPTE GEDURENDE DIE 1990's BYGEDRA?**

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Verwys na Bron 2A.

2.1.1 Waarom het Egipte met 'n ekonomiese hervormingsprogram geëksperimenteer? (1 x 2) (2)

2.1.2 Noem die TWEE finansiële instellings wat hierdie nuwe ekonomiese programme ondersteun het. (2 x 1) (2)

2.1.3 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat Egipte se ekonomiese uitdagings beklemtoon. (2 x 1) (2)

2.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik waarom dit vir ontwikkelende lande nodig geword het om nuwe ekonomiese beleide aan te neem. (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

2.2.1 Waarom het Egipte geld geleen? (Uittreksel 1) (1 x 1) (1)

2.2.2 Verduidelik waarom die strukturele aanpassingsprogram beperkings op die Egiptiese ekonomie geplaas het. (Uittreksel 1) (2 x 2) (4)

2.2.3 Lewer kommentaar op waarom 'n groot persentasie Egiptenare op voedselkoepons staatgemaak het. (Uittreksel 1) (1 x 2) (2)

2.2.4 Op watter maniere het die koeponstelsel die volgende beïnvloed:

(a) Die meerderheid Egiptenare (1 x 2) (2)

(b) Ryk Egiptenare (1 x 2) (2)

2.2.5 Verduidelik hoe Fawzia en Mohamed die ekonomiese toestand in Egipte beskou het. (Uittreksel 2) (2 x 2) (4)

2.3 Gebruik Bron 2C en jou eie kennis en lewer kommentaar op die akkuraatheid van die spotprenttekenaar se voorstelling van Mubarak. (2 x 2) (4)

2.4 Vergelyk Bron 2B (Uittreksel 2) en 2C. Verduidelik die verskille tussen hierdie bronne oor die ekonomiese posisie van Egiptenare. (2 x 2) (4)

2.5 Verwys na Bron 2A en 2B. Kies en verduidelik watter EEN van die twee bronne jy as die bruikbaarste beskou om hierdie tydperk van die Egiptiese geskiedenis na te vors. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe die regering se ekonomiese hervormings tot armoede onder die meerderheid Egiptenare bygedra het. (8)

2.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 2.7.1 OF VRAAG 2.7.2.

2.7.1 Verduidelik hoe die val van kommunisme tot Egipte se hervoorstelling gedurende die 1990's bygedra het. (30)

**OF**

2.7.2 Hosni Mubarak het tot die val van Egipte bygedra.

Stem jy met die stelling saam? Motiveer deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)

**[75]**

**VRAAG 3: HOE WAS DIE ONDERHANDELINGSPROSES IN SUID-AFRIKA IN DIE VROEË 1990's DEUR KONFLIK EN SPANNING BEDREIG?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die vrae wat volg, te beantwoord.

3.1 Bestudeer Bron 3A.

3.1.1 Wat was die gevolg van die ontbanning van politieke organisasies en die vrylating van Mandela? (1 x 2) (2)

3.1.2 Verduidelik hoe regsgesinde wit nasionaliste en Zoeloe-nasionaliste op die onderhandelingsproses gereageer het. (2 x 2) (4)

3.1.3 Wat, volgens die bron, het die onderhandelingsproses onderbreek? (1 x 1) (1)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Volgens Uittreksel 1, wie het die inwoners van Sebokeng van die moord op die mans beskuldig? (1 x 1) (1)

3.2.2 Nadat jy Uittreksel 1 gelees het, verduidelik of die volgende se optrede geregverdig was:

(a) Inwoners van Sebokeng (1 x 2) (2)
(b) Die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) (1 x 2) (2)

3.2.3 Die gemeenskap en die polisie het verskillende weergawes van die gebeure in Sebokeng gegee. Verduidelik die redes hiervoor. (2 x 2) (4)

3.2.4 Vergelyk Uittreksel 1 en 2. Verduidelik watter EEN van die twee uittreksels 'n meer akkurate beskrywing van die gebeure verskaf. (2 x 2) (4)

3.3 Bestudeer Bron 3C.

3.3.1 Wat is die boodskap van die spotprent? (1 x 2) (2)

3.3.2 Gebruik die bron en jou eie kennis. Wat was die redes vir die treingeweld gedurende 1991 en 1992? (2 x 1) (2)

3.4 Bestudeer Bron 3D.

3.4.1 In watter jaar het die meeste sterftes in politieke geweld voorgekom? (1 x 1) (1)

3.4.2 Verklaar die toename in sterftes in politieke geweld tussen 1991 en 1993. Gee TWEE redes om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

3.4.3 Verduidelik of die statistiek wat in die grafiek verskaf word, bruikbaar is vir 'n historikus wat die toename in sterftes gedurende politieke geweld in Suid-Afrika bestudeer. (2 x 2) (4)

3.5 Vergelyk Bron 3C en 3D en verduidelik hoe die twee bronne mekaar oor politieke geweld aanvul. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (80 woorde) om te verduidelik hoe die uitbreek van politieke geweld gedreig het om die onderhandelingsproses in Suid-Afrika te ontspoor. (8)

3.7 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 3.7.1 OF VRAAG 3.7.2.

3.7.1 Bespreek die onderskeie uitdagings waarvoor die onderhandelingsproses in Suid-Afrika in die vroeë 1990's te staan gekom het. (30)

**OF**

3.7.2 In sy boek *Die Laaste Trek* het De Klerk verklaar dat 'die onderhandelingsproses onder 'n wolk van onrus en krisisse' plaasgevind het.

Is dit 'n akkurate gevolgtrekking? Bespreek deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
**[75]**

**VRAAG 4: WATTER ROL HET DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) IN DIE HANTERING VAN SUID-AFRIKA SE VERLEDE GESPEEL?**

Gebruik Bron 4A, 4B, 4C en 4D en beantwoord die vrae wat volg.

4.1 Gebruik Bron 4A.

4.1.1 Wat was die hoofdoel van die WVK? (1 x 2) (2)

4.1.2 Verduidelik wat die skrywer gemotiveer het om die stelling te maak dat 'baie Afrikane, wat onder apartheid gely het, dit baie moeilik moes gevind het om te verstaan'. (2 x 2) (4)

4.1.3 Waarom, dink jy, 'sou die WVK altyd omstrede wees'? (1 x 2) (2)

4.2 Bestudeer Bron 4B.

4.2.1 Watter boodskap word deur die spotprent oorgedra? (1 x 2) (2)

4.2.2 Verduidelik of die spotprenttekenaar die werk van die WVK akkuraat uitbeeld. (2 x 2) (4)

4.2.3 Verduidelik tot watter mate jy met Tutu se stelling, 'Jy moet dié sien wat weggekom het …', saamstem. (2 x 2) (4)

4.3 Verwys na Bron 4C.

4.3.1 Verduidelik hoe swart en wit Suid-Afrikaners die werk van die WVK beskou het. Gebruik die statistiek in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)

4.3.2 Lewer kommentaar daarop of die bron waarde tot 'n historikus se begrip van die WVK toevoeg. (2 x 2) (4)

4.4 Verwys na Bron 4D.

4.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die WVK 'n sukses was. (1 x 1) (1)

4.4.2 Verduidelik waarom jy dink Tutu dankbaar was teenoor die duisende Suid-Afrikaners wat voor die WVK verskyn het. (2 x 2) (4)

4.4.3 Oor watter TWEE aangeleenthede met betrekking tot die onvoltooide werk van die WVK was Tutu spyt? (2 x 1) (2)

4.4.4 Verduidelik of Tutu geregverdig was om hierdie spyt uit te spreek. (2 x 2) (4)

4.5 Gebruik AL die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om die impak van die WVK op Suid-Afrika te verduidelik. (8)

4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK (Jou antwoord moet ongeveer TWEE bladsye lank wees.)

Beantwoord EEN van die volgende vrae: VRAAG 4.6.1 OF VRAAG 4.6.2.

4.6.1 Bespreek krities of die WVK suksesvol was om 'n einde aan Suid-Afrika se verdeelde verlede te bring. (30)

**OF**

4.6.2 Die WVK was 'n poging om nasionale eenheid en rekonsiliasie te bevorder.

Stem jy saam? Ondersteun jou antwoord deur AL die bronne en jou eie kennis te gebruik. (30)
**[75]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou